# LAERSKOOL BELLVILLE-NOORD

## GODSDIENSBELEID

Inlyn met die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika word verdraagsaamheid teenoor diverse kultuurgroepe heelhartig deur Laerskool Bellville-Noord ondersteun en gevier. Daarvolgens word daar nie teenoor enige leerling ten opsigte van godsdiensbeoefening gediskrimineer nie.

- Vryheid van godsdienstige assosiasie word gerespekteer.
- Die reg om agnosties te leef word aanvaar as ‘n uitdrukking van persoonlike vryheid en van meningsuiting.
- Die reg om nie aan godsdienstige praktyke by die skool deel te neem nie, is ‘n grondwetlike reg.
- Eerbied word betoon teenoor gelowe wat bepaalde godsdienstige feesdae vier, en die beginsels van godsdienstige verdraagsaamheid word in die KABV van PSW (vak) onderrig (Godsdiensonderrig).

Laerskool Bellville-Noord strewe daarna om waardes en norme van universele aard op ‘n verantwoordbare wyse aan te spreek en begrip vir mekaar se kultuur en geloof te bevorder; vry van enige vorm van diskriminasie.

Slegs wanneer die uitoefening van geloof ‘n invloed sou hê op die kleredrag van ‘n leerling (bykomstighede tot die skooluniform) of voorkoms van ‘n leerling (hare), sal die skool se beheerliggaam dit as ‘n afwyking tot billike vryheid van geloofsassosiasie beskou.

Só ‘n uiterlike bevestiging/uitdrukking van geloofsuiting sal as teenstrydig met die skool se bestaande toelatingsbeleid beskou word en bepaalde voorwaardes sal geld om ‘n moontlike konsessie toe te staan. ‘n Ouer mag ‘n versoek tot die Voorsitter van die Beheerliggaam rig dat daar wel afgewyk word van die standaard-skooldrag, na aanleiding van erkende//bevestigde geloofs- en kulturele redes. Die Beheerliggaam sal die versoek bespreek, notuleer en skriftelike terugvoering aan die ouer/voog gee na aanleiding van die uitkoms van die besluit. (Hierdie beleid moet saamgelees word met die skool se Gedragskode.)

Hersien 9 Februarie 2024